# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

**Kleuter- en Laerskool**
Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x1
**e-posadres**: gsdp@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

**Hoërskool**
Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x2
**e-posadres**: hsadmin@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

10 Junie 2020

Geagte ouers

## HEROPEN VAN GSDP: GR RRR - GR 12

**GSDP se Covid-taakspan het vergader en in lyn met die Departement van Onderwys, heropen GSDP as volg**:

- ► Woensdag, 8 Julie: gr R, gr 6 gr 11 (gr 7 en gr 12 - wat reeds begin het)
- ► Maandag, 13 Julie: gr RRR, gr RR, gr 3, gr 5 en gr 10
- ► Woensdag, 15 Julie: gr 1, gr 2, gr 4, gr 8 en gr 9

**Aflaai van leerlinge: Tussen 07:00 en 07:40 (slegs "drop and go"):**

- ► **Gr 1 - gr 12**: Gereformeerde Kerk Die Kandelaar se parkeerterrein, Codonialaan
  - Slegs "drive through"
  - Parkering: Geen parkering beskikbaar nie.
  - Ingang - Codonialaan
  - Uitgang - Dickensonlaan
  - Hoërskoolleerlinge: Die leerlinge stap langs die kerkgebou op en oor die straat na die hoërskool .
- ► **Kleuterskool:**
  - Cunninghamlaan: Dit is die **enigste** toegang vir kleuters.

**Oplaai van leerlinge**: Ons kommunikeer dit binnekort aan u.

**Kleredrag:**

- ► **Laerskoolleerlinge**: Die leerlinge mag in warm wintersklere skool toe kom. Skoolklere is nie verpligtend nie. Maak asseblief seker dat u kind se klere gemerk is.
- ► **Hoërskoolleerlinge**: Die leerlinge mag wintersklere, somersklere of sosiale drag aantrek skool toe en mag bo-oor die voorgeskrewe skooldrag 'n warm baadjie (slegs donkerblou, grys, rooi of swart) aantrek.

**Dra van maskers**: Elke leerling is **verplig** om met 'n masker skool toe te kom en dit die hele dag te dra. Tydens klastyd mag 'n leerling 'n gesigskerm dra.

**Skoolreëls:** Die leerlinge moet alle skoolreëls gehoorsaam.

**Rooster**: Die leerlinge volg die gewone skoolrooster.

**Oplaai van maskers - Donderdag, 18 Junie 2020 - "drive through":**

- ► Die gr 7- en gr 12-leerlinge het reeds hul maskers ontvang.
- ► U kan op Donderdag, 18 Junie tussen **08:00 en 09:00** & **16:00 - 17:00** u kind(ers) se maskers by die parkeerterrein van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar oplaai - let wel: Slegs oplaai en ry - **u moet asseblief binne-in u voertuig bly**.
- ► GSDP ondersoek tans die "hoedjie-masker"-opsie vir die kleuterskool en grondslagfase-leerlinge. Sodra ons meer inligting het, kommunikeer ons dit met u.

**Praat met u kind(ers) oor die volgende**:

- ► Die dra van 'n masker - die hele dag, terwyl hy / sy by die skool is.
- ► Dat die dra van 'n masker vir u kind(ers) se eie gesondheid is.
- ► Handhaaf 'n afstand van 1,5 meter.
- ► Leerlinge mag GEEN kos of persoonlike items (byvoorbeeld skryfbehoeftes) ruil of deel nie.

Die uwe

**Mnr HJJ Visser**
KLEUTER- EN LAERSKOOLHOOF
BEDRYFSPAN: VOORSITTER

**Mnr JG Pretorius**
HOËRSKOOLHOOF